Ges. 180 : 1
B. 105 : 3, 5.
Ges. 62 : 9

„Die Hoogste Ideaal"
(Mt. 5 : 48

Uiton 4 Febr. 1940
(Aand)

Matth. 5 : 13 - 20 , 38 - 48.

Inl: i) „Waar daar geen visie, daar sterf die volk".
ii) ~~Volk~~ sonder ideale – volk sonder toekoms"
Niemand in die wêreld het die waarde beter besef as J.X. nl. Mens kan sonder ideale nie leef nie –

Mens sonder ideale soos boom sonder lewe.

ii) Daarom stel hy in bergrede die hoë ideaal aan sy dissipels in Mt. 5 : 48 :
„Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is"
← Wys: Lewe geen waarde indien nie ideaal ten grondslag
Ons dink aan die klein kindjie :

Seuntjie : spel – openbaring v. sy ideaal: lok. drywer
Dogtertjie : poppespel – " -baar " : moedertjie
Vaders moeder: Ideale vir hulle kinders
Ou v Jare : Ideaal van ewige heerlikheid wat hom of haar wag hiernamaals.

Veral jeug : i) Kan sonder ideale nie lewe.
ii) Ideale jeug se sielevoedsel.
iii) D. jeug wil iets hê om voor te leef, om na te streef – daarom stel hy hom die onbereikbare voor
iv) ~~Ideale~~ Sy strewe na d. onbereikbare is d. heilige vuur wat brand in d. hart v.d. mens.

„Volk. sonder ideale – volk sonder toekoms
„Waar daar geen ideaal is, daar sterf die volk"

<u>Uitinge</u>: i) Bergklimmer – steil rotswande – top
ii) Ontdekk. reisigers – onbekende gevare – nuwe lande
iii) Wetenskaplike – siektes – teenmiddel
iv) Resiesjaer – ~~[illegible]~~ – spoedrekords

Almal uitinge v.d. „<u>goddelike onrus</u>" in die hart van elke mens daar geplaas deur 'n Hoër Hand, sodat die mens nooit tevrede sal wees totdat hy die hoogste en beste in die lewe gevind het nie.

<u>Daarom sê ons</u>: Ideale nie alleen noodsaaklik, maar ook onmisbaar as die mens die hoogste en beste in die lewe wil bereik. – volmaak

Mr dadelik <u>vr</u>: Wat is die hoogste en beste ideaal in die lewe? Hoe mens volmaak?

Eers probeer om duidelikhd te kry oor die <u>vraag</u>: <u>Wat is ideaal in ware sin v.d. woord?</u>

i) Dis maatstaf waarna die mens strewe – doel en strewe in of buitekant homself
Bergklimmer se maatstaf – punt v.d. berg.

ii) Ware ideaal: maatstaf, doel wat sal geld a) <u>vir alle mense</u> b) <u>vir alle tye</u> c) <u>onder alle omstandighede</u>

<u>Ideaal</u> wat nie aan hd vereistes voldoen nie, as b), c), kan en sal die mens nooit tevrede stel nie, sal nie standhou nie.

Mens alleenlik <u>dan</u> waarlik gelukkig wanneer sy ideaal sal geld: a) b) c).

Deur eeue heen baie sulke ideale gestel – ideaal wat die mens in sy diepste wese gelukkig sou maak: Noem paar & toets aan a) b) c).

A. Hedonisme: (Genot) Volmaaktheid in Genot, Geld.

„Hoogste genot is hoogste goed", „Lekker lewe"

„Hoe meer plesier hoe meer geluk", „Laat ons eet & vrolik wees want môre sterwe ons" Skryfspreuk.

Mense wat die beste & hoogste in die lewe wou soek deur onbeperkte genot van die sinnedrange laat ~~teuels~~ hoogty vier – geen dissipline of perke:

Gesk: Al gou bewys – ideaal v.d. ligsinniges en teleurgestelde, oppervlakkige plesiersoekers.

Resultaat: Ipv. plesier 'n vreugde – 'n martelling. So verslaaf aan genot dat dit nie ideaal meer was nie maar 'n vloek – ten gronde gerig. → Voldoen nie aan die vereistes

B. Askese: Volm. deur 'n Selfpyniging –

i) Reg teenoor A staan B – ideaal v.d. askese – mens moet homself sekere dinge onthou: alle genot wat sy liggaam hom gee moet hy opgee: Liggaam dood – gees lewe.

So kry ons dat volgelinge: i) hulself uithonger – vas

ii) singenot v.d. huwelik ontsê: celibaat

ii) Lei later tot monnikideaal: Onttrek v.d. wêreld

iii) Nie absolut: onmoontlik – mens kannie so leef. verloor verstand m.d. lewe.

C. Wettiese Moraal : ~~Saligheid~~ Volmaakthd deur die Wet

Ideaal wat alg. geldend was toe J.K. op aarde verskyn : die ideaal nl. dat die mens volmaak kan word deur te voldoen aan al die wette en voorskrifte van die Joodse godsdiens – die ideaal van wetsvervulling.

Die ideaal gestel in die 10 gebooie omgeskep in 636 wette : een wat almal volbring is volmaak.

Gevolg : Fariseëse stelsel wteen Xtus so snydend skerp te velde trek in Mt. 5 : 20 :

„Want ek sê vir julle dat as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié v.d. Skrifg^s v die Far^s, julle nooit in die Koninkr. vd. hem. sal ingaan nie"

Dis hd. stelsel wat die ideale vd. mens, sy lewe, vaslê in uiterlike wetsbetragting, in 'n ~~wets~~stelsel van ~~[illegible]~~ gebooie en verbiedinge.

Dit mag jy doen – dit nie.
As jy dit en dit doen – dan salig
Ryk jongman typiese voorbeeld van hd. opvoeding

Gevolg : Alle ideale wat hulle wou opwek – doodgemaak
Toestand van geestel. slawerny wat g'n mens kan hou nie
Volmaak na letter – dood na die gees.

D. Xtel. Ideaal : ~~Saligheid~~ Volmaakthd deur d. liefde

Teen al hd. 3 (A, B, C) Xtus op – bekkentoon nuwe waarheid dat

i) Wet het 'n geestel. betekenis : die enigste ware wet is wet van liefde – liefde tot God x nædemens.

Help niks om wetsvoorskrifte uiterlik volmaak te vervul as die innerlike gesindheid nie reg is nie!

Dis nie die dade van die mens wat hom tot sondaar maak nie – gesindheid!

Elke keer in hfs 5: <u>Julle het gehoor dat vir die mense v.d. outyd gesê is</u>: 6 maal – in stygende Klimaks totdat ~~Hy~~ in vs 48: <u>Klimaks</u>:

A Volmaakthd nie deur genot
B " " " selfpyniging
C " " " onderhouding v.d. wet
D – alleen " ~~Het ideaal~~ die liefde – dis die hoogste ideaal!

Geld vir alle mense, tye & omstandighede.

Nou neem & sien ons dat in vs 48 Chris aan sy hoorders die hoogste ideaal stel wat 'n mens ooit kan bereik:

„Wees julle dan volmaak . . . . . ."

<u>Vr</u>: Wat beteken „<u>volmaak wees</u>"?

a) <u>Perfeksionisme</u>: Reeds hier op aarde; <u>Nee</u>, solank hier, nog altyd val sonde & gebreke – maar neem nie weg dat ons daarna kan strewe!

b) <u>Teks</u>: Verband wys ons: Volmaak in die liefde – tot G & medemens (van vers 43: <u>dan</u>)

Hoogste ideaal wat enige mens kan hê!

c) <u>Is dit moontlik</u>? In onsself nie: elke keer weer struikel & val. <u>In Chris wel</u>:

Egter nie iets wat in een dag kom:
- langsame groei

d) Teks dus nie as leuse vir oomblik gegee maar as **lewensstrewe**

Xtus nie alleen ideaal - ook die weg. Dan is dit moontlik:
„Niemand kom tot Vader ....."
„Ek is d. weg, wd, lewe"
Dan ons plig om lief te hê.

e) Sd. strewe **nie maklik** nie: vra offers van ons; sal moet ly soos Xtus gely het omdat as ons waarlik naaste liefhet, sal ons moet ly soos Xtus in sy liefde ook gely het. - graankorrel
Die hoogste ideaal eis die grootste offer.
die offer ~~uit~~ van liefde tot G + medemens ~~alleen~~ ~~kan bring~~ - tot die dood.

**Slot:**

(1) **Jeug**: i) Wat is julle ideaal? ii) Waarvoor leef ons? iii) Waarna strewe ons? Genot - Selfpyniging - Net onderhou: alles om volmaak te word?
Indien dit - lewe vrugteloos! Geen geluk!
N.B. Of is ons bereid om volmaak te word deur lief te hê + te dien soos Xtus gedien + liefgehad het?

(2) **Gemeente**: Hoe is ons lewe? Is dit so dat d. jeug dit as ideaal neem?
Het Xtus so 'n gestalte in ons dat ons kinders + jongmense sê: My ideaal - word soos dd. Man of vrou?! Besigheid - boer - huisgesin

(3) <u>Mede-Xtene</u> : Die van u wat dit tot lewensstrewe gemaak het, tot hoogste ideaal:

i) Xtus navolg

ii) Volmaak soos Vader in hemel volmaak.

— soms getwyfel of ooit daar sal kom

— soms wou tou opgooi

— soms gesê: ek wil graag maar ek kannie

„gees gewillig maar vlees is swak"

<u>Bemoedig</u> : i) <u>Op die aarde nie bereik maar</u> hiernamaals — dan in volle heerlikheid. Eerste Xtene soms die meeste ontmoedig : <u>Paulus</u>

ii) <u>God sal u krag gee</u>: Xtus stel nie alleen ideaal (omm.) maar het reeds weg gewys, & gee krag om dd. weg te bewandel.

<u>Onthou</u> : weg nie maklik : vra <u>opoffering</u>, <u>geduld</u>, <u>oorwinning oor swakhede</u>, <u>tenee van stryd</u>, <u>donker dae</u>, <u>kruis op lewenspad (lyding)</u>

<u>Maar</u> : i) Hy wat u roep is getrou

ii) Lê nie meer op u skouers as wat u kan dra nie

iii) Ideaal & liefde tot G & medemens : hoogste, skoonste, beste ideaal - ideaal vir die Ewigheid!

iiii) U lyding ~~niks teen~~ Xtus s'n.

Luister:

1. „Al sou ek die tale van mense en engele spreek en die liefde nie hê nie, dan het ek 'n klinkende metaal geword of 'n luidende simbaal.

2. Al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit — en die liefde nie hê nie, dan sou ek niks wees nie.

3. En al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word en die liefde nie hê nie, dan sou dit my niks baat nie.

8. Die liefde vergaan nooit nie; maar profesieë — hulle sal tot niet gaan; of tale — hulle sal ophou; of kennis — dit sal tot niet gaan —

9. Want ons ken ten dele & ons profeteer ten dele.

10. Maar as die volmaakte gekom het, dan sal wat ten dele is, tot niet gaan.

12. Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig t. aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, netsoos ek ten volle geken is.

13. En nou bly geloof, hoop, liefde — hierdie drie; Maar die grootste hiervan is die liefde!

amen.